

# Die filosofie van doelgerigte veevoeding

Deur Izak Hofmeyr

**D**iere se voedingsbehoefte word deur 'n paar faktore bepaal, waaronder die dier se liggaamsmassa op 'n gegewe tydstop, die fisiologiese of produksiestadium, die verlangde produksie- of reproduksiemikpunt, kondisie, omgewingstoestande en die bestuurstelsel wat toegepas word.

Dit is dus duidelik, sê Alheit du Toit, veekundige by Feedtek in Cradock, dat vee se voedingsbehoefte wissel en dat daar gedurig wysigings gemaak moet word om optimale prestasie te bewerkstellig. Optimale prestasie is streng gekoppel aan die spesifieke doelwitte van die produsent en moet in die konteks van die spesifieke bestuurstelsel gesien word. Dit is weer ten nouste verbind met die beskikbare hulpbronne op 'n gegewe plaas.

“Vir my gaan dit oor deeglike produksiebeplanning, gebaseer op die beskikbare hulpbronne, en dan 'n deurdragte voedingstrategie wat daarby inpas om die beskikbare hulpbronne optimaal te benut. Produsente moet nooit uit die oog verloor dat ons in die eerste plek met veld boer nie, en dat die dier bloot 'n voertuig is om daardie veld te benut en in 'n bemarkbare, hoë-gehalte produk om te skakel.

“Strategiese aanvullende voeding moet gebruik word om die meeste kilogramme produk per hektaar moontlik, teen die hoogste winsmarge te produseer,” sê hy.

## Aanvulling op weidings

As 'n mens dus teen hierdie agtergrond die voedingsbehoefte van 'n spesifieke dier op 'n gegewe tydstop beskou, sê hy, is dit 'n kombinasie van die bogenoemde faktore, tesame met die daaglikse voerinnome van die dier.

Sou die beskikbare veldweiding in ekstensiewe boerderystelsels as vertrekpunt beskou word om 'n gepaste voedingsaanbeveling te maak, is die eerste aspek

om in gedagte te hou dat veldgehalte drasties wissel volgens seisoen, reënval, ligging, grondtipe, groeitempo, spesiesamestelling, fisiologiese stadium van die veld en weidingsdruk. In die geval van aangeplante weidings, is bemesting uiteraard ook 'n faktor.

Die herkouer se rumen, beklemtoon hy, moet altyd heel eerste oorweeg word. Dit gaan primêr oor die behoeftes van die rumenmikrobes om optimaal te funksioneer en dit is juis waar aanvullende voeding ter sprake kom.

Tipiese situasies wat aangespreek moet word, is wanneer daar genoegsame proteïene beskikbaar is, maar daar 'n tekort aan beskikbare energie is. Wanneer veld volwasse en daarna dormant raak (winterfase in die binneland, terwyl die Wes-Kaap en kusgebiede hul groenseisoen in die winter binnegaan), is die uitdaging om genoegsame oplosbare proteïene aan die mikrobes beskikbaar te stel om die moeiliker verteerbare vesel te kan afbreek.

“Die punt is dus dat vee deurlopend 'n basiese vlak van sekere voedingstowwe benodig, en indien die veld dit nie kan voorsien nie, moet dit aangevul word. Dit is veral relevant sodra daar na hoër produksievlakke gemik word.”

Wat dinge egter kompliseer is dat voeding ook 'n langtermyn effek op produksie het, waarsku hy. “Die voeding wat 'n dier vandag ontvang, het 'n direkte invloed op sy toekomstige produksie. Wanneer 'n ooi byvoorbeeld lammers soog, is dit ook die tyd wanneer haar eiselle begin ontwikkel vir die volgende ovulasietydperk.”

## Doelgerigte voeding vs. mors

Om 'n doelgerigte voedingsbenadering te volg sodat die diere die nodige voedingstowwe wat hulle op 'n spesifieke stadium benodig inneem, moet 'n paar vrae eers beantwoord word, sê Alheit. Die eerste is wat die dier vandag benodig, en die tweede is wat die verlangde produksievlak is wat die dier moet handhaaf – nie net nou nie, maar ook in die toekoms.



*Diere het wisselende voedingsbehoefte en mag tot 'n mindere of meerdere mate aanvulling benodig, afhangend van die produksiedoelwitte en -stadia van daardie diere.*



*'n Vroeg-lakterende tweeling-ooi benodig maklik twee en 'n half keer die proteïen, en een en 'n half tot twee keer die verteerbare energie wat 'n droë ooi benodig.*

“Doelgerigte voeding, na my mening, is voeding volgens 'n strategiese plan. Eerstens moet jy bepaal wat jy wil bereik, en tweedens moet jy bepaal watter hulpbronne (bv. roumateriale of weiding) jy tot jou beskikking het en hoe jy dit optimaal kan benut. Dan kan jy beplan hoe en watter aanvullende voeding op 'n gegewe tydperk voorsien moet word om tekorte en wanbalanse in die veld aan te vul en jou mikpunte te bereik.”

Vermorsing, daarenteen, is wanneer aanvullende voeding lukraak gegee word. 'n Voorbeeld van vermorsing, sê hy, is as jou ekstensiewe skaapkudde, wat een keer per jaar lam en nie 'n hoë persentasie tweeling kry nie, deurgaans op 'n hoë vlak van aanvullende voeding is.

“'n Ander vorm van vermorsing is wanneer jou weiding 'n oormaat proteïen voorsien, maar die diere 'n energietekort ervaar. Die gevolg is dat die beskikbare weiding nie optimaal benut word nie en 'n groot persentasie van die beskikbare proteïen afgebreek en as stikstof uitgeskei word. Indien die energievoorsiening gewysig word om die beskikbare proteïen beter te kan benut, sou die totale voerbenutting drasties verbeter, met baie minder vermorsing.”

Wat ook nie buite rekening gelaat moet word nie, sê hy, is die rol van beide makro- en mikrominerale om beskikbare roumateriale doeltreffend in bruikbare

voedingstowwe om te skakel. Dit is ook noodsaaklik vir vrugbaarheid en gesondheid.

### Aanvullende vs. volledige voeding

Volledige voeding word gewoonlik met intensiewe produksiestelsels geassosieer, waar diere 'n gebalanseerde rantsoen ontvang wat in pas is met die produksie- of reproduksiemikpunte wat vir daardie diere gestel word.

Aanvullende voeding, daarteenoor, is wanneer voerkomponente aangevul word om die ruvoerbron, wat gewoonlik die veld- of aangeplante weiding is, aan te vul om wanbalanse reg te stel en benutting te verbeter.

“Dit is natuurlik nie heeltemal so eenvoudig nie, want laer-volume lek-konsentrate wat teen vlakke laer as ongeveer 0,5% van liggaamsmassa ingeneem word, het 'n groot positiewe effek op die vrywillige inname en verteerbaarheid van die ruvoerbron. Dit beteken dat dit nie bloot 'n sommetjie is van A plus B is gelyk aan C nie. Die kumulatiewe positiewe effek op totale inname van voedingstowwe is dus groter as verwag.”

Alle klasse diere mag in 'n mindere of meerdere mate aanvullende voeding benodig, afhangend van die produksiedoelwitte vir daardie diere.

“Die belangrikste klasse van diere by wie aanvullende voeding die grootste direkte dividend op die belegging toon, is groeiende jong diere, vroulike diere voor en tydens paring, laatdragtige diere, sowel as dié in vroeë laktasie. Klasse wat min of geen aanvullende voeding nodig het, is diere soos volwasse osse of hamels op goeie weiding, maar by hamels moet die wolgroei wel in gedagte gehou word.”

### Behoeftes volgens produksiestadia

Die klas van diere met die laagste voedingsbehoeftes is droë, nie-dragtige diere. Die volgende klas is daardie groep wat dragtig gemaak moet word. Om hulle in 'n opwaartse liggaamskondisiestatus te kry, beteken dit dat hulle voedingsbehoeftes dus sal verhoog. Die volgende groep, met nóg groter voedingsbehoeftes, is vroulike diere in vroeë- en mid-dragtigheid.

Daarna volg die laatdragtige groep, waar die voedingsbehoeftes aansienlik verhoog, omdat fetusgroei in die laaste derde

van dragtigheid drasties toeneem. Hierdie groep het die bykomende uitdaging dat hul innamepotensiaal krimp, omdat die groeiende fetus(se) die potensiele volume voer wat hulle daagliks kan inneem, beperk. Die behoefte aan gekonsentreerde aanvullende voeding raak dus hoog.

Vroeë laktasie is die volgende vlak van verhoogde voedingsbehoeftes. 'n Vroeg-lakterende tweeling-ooi benodig maklik twee en 'n half keer die proteïen, en een en 'n half tot twee keer die verteerbare energie wat 'n droë ooi sou benodig.

Dit is belangrik om te onthou dat diere in vroeë laktasie dikwels die reserwes gebruik wat hulle tydens dragtigheid opgebou het. 'n Situatie waar hulle só baie liggaamsreserwes gebruik dat hulle liggaamskondisie te laag daal, moet ten alle koste vermy word. Dit sal herbesetting in die wiele ry.

Tydens mid- en laatlaktasie begin die voedingsbehoeftes afneem, soos wat die kalf of lam self begin vreet. Die mikpunt hier is om optimale liggaamskondisie vir die volgende dekseisoen te bereik én te handhaaf.

### Behoeftes van jong en teeldiere

Die voedingsbehoeftes van groeiende, jong diere is op 'n soortgelyke vlak as dié van mid- tot laatdragtige diere. Proteïen word benodig vir raamontwikkeling en energie om die proteïen in spierweefsel om te skakel. Spoorelemente, makro-minerale en vitamienes is in hierdie groep ook uiters belangrik.

Manlike teeldiere behoort ook aansienlike aandag te kry. Goeie voeding vir testes- en spermatontwikkeling is lank genoeg voor dekking reeds nodig. Goeie gehalte voeding en die regte mineraalbalans sal hier die deurslag gee.

Die wet van dalende opbrengs, sluit hy af, moet egter nie uit die oog verloor word nie. Omdat daar soveel veranderlikes betrokke is, sal daardie sogenaamde *sweet spot* van optimale opbrengs op belegging voortdurend verander, gegewe die wisseling van inset- en produkpryse. <sup>VP</sup>

Vir meer inligting,  
stuur 'n epos aan Alheit du Toit  
by [alheit@feedtek.co.za](mailto:alheit@feedtek.co.za).